



You have Downloaded, yet Another Great Resource to assist you with your Studies ☺

Thank You for Supporting SA Exam Papers

Your Leading Past Year Exam Paper Resource Portal

Visit us @ www.saexampapers.co.za

SA EXAM PAPERS

basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## MUSIEK V1

## FEBRUARIE/MAART 2012

**SENTRUMNOMMER:**

| | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | | | |

**EKSAMENNOMMER:**

| | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | | | | | | | | |

**PUNTE: 125**

**TYD: 3 uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 16 bladsye en 1 bladsy manuskrippapier.**

Kopiereg voorbehou

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit TWEE afdelings, naamlik AFDELING A en AFDELING B.

2. Beantwoord AFDELING A op hierdie vraestel, slegs met potlood, in die spasies wat voorsien word.

3. Beantwoord AFDELING B in die ANTWOORDEBOEK wat verskaf word.

4. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

5. Die laaste bladsy van hierdie vraestel is manuskrippapier wat vir rofwerk bedoel is. Die kandidaat mag dit verwyder.

## NASIENROOSTER


| AFDELING | VRAAG | TOTAAL | NASIENER | MODERATOR |
|---|---|---|---|---|
| **AFDELING A** | 1 | 9 | | |
| | 2 | 16 | | |
| | 3 | 13 | | |
| | 4 | 10 | | |
| | 5 | 12 | | |
| | | | | |
| | **SUBTOTAAL** | **60** | | |
| **AFDELING B** | 6 | 6 | | |
| | 7 | 9 | | |
| | 8 | 7 | | |
| | 9 | 12 | | |
| | 10 | 10 | | |
| | 11 | 8 | | |
| | 12 | 8 | | |
| | 13 | 5 | | |
| | | | | |
| | **SUBTOTAAL** | **65** | | |
| | | | | |
| | **GROOTTOTAAL** | **125** | | |

## AFDELING A: MUSIEKTEORIE

Beantwoord VRAAG 1, 2, 3, 4 en ÓF VRAAG 5.1 ÓF VRAAG 5.2.


### VRAAG 1

1.1 Op watter toonleer is die musiekvoorbeeld hieronder gebaseer?




______________________________________ (1)

1.2 Voeg toevallige tekens (skuiftekens) by die volgende note om die Doriese modus op F# te vorm.




(2)

1.3 Skryf F harmoniese mineurtoonleer op- en afgaande in die G-sleutel in 5/4-tydmaat met toonsoortteken. Dui die halftone met bogies aan.



(4)

1.4 Noteer die TWEE drieklanke wat in G pentatoniese toonleer voorkom, in grondposisie.



(2)
**[9]**

**VRAAG 2**

Bestudeer die voorbeeld van *New Orleans Dixieland music* hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

New Orleans Dixieland music




2.1 Daar is leerders in jou skool wat fluit, viool en altviool speel. Om hulle die geleentheid te gee om in jou orkes te speel, noteer die instrumentale partye, soos volg:

2.1.1 Transponeer maat 1 en 2 van die klarinetparty vir fluit. (3)

2.1.2 Transkribeer maat 1 en 2 van die tromboonparty vir altviool. (3)

2.2 Skryf die ritmeparty van maat 1 by (a) oor in saamgestelde vierslagmaat. Voeg die nuwe tydmaatteken by.




(4)

2.3 Benoem die intervalle by (b) en (c).

(b) ___________________________


(c) ___________________________ (2)

2.4 Skryf die omkering van die interval by (d) in die bassleutel. Benoem die nuwe interval.



_______________________ (2)

2.5 Skryf TWEE enharmoniese ekwivalente vir die noot by (e).




(2)
**[16]**

Kopiereg voorbehou 

**VRAAG 3**

Bestudeer die vierstemmige fragment hieronder en volg die instruksies.




3.1 Voltooi die fragment hierbo deur 'n bo-wisselnoot/-hulpnoot in die sopraanparty by (a) te demonstreer. (2)

3.2 Voltooi die fragment hierbo deur 'n vooruitneming in die sopraanparty by (b) te demonstreer. (2)

3.3 Voltooi die altparty by (c) om 'n terughouding te demonstreer. (3)

3.4 Besyfer die akkoorde by (d), (e), (f) en (g), byvoorbeeld G: $I^6$ of G/B.

(d) ________________

(e) ________________

(f) ________________

(g) ________________ (4)

3.5 Benoem die toonsoort en die kadens waarmee die fragment by (c) eindig.

Toonsoort: ____________________

Kadens: ____________________ (2)

**[13]**

**VRAAG 4**

Gebruik enige EEN van die aanvangsmotiewe hieronder om 'n twaalf-maat-melodie in ABA-vorm te voltooi. Voeg dinamiek en artikulasietekens by.

Instrument: Fluit




Die melodie sal volgens die volgende riglyne nagesien word:

| BESKRYWING | PUNTETOEKENNING | KANDIDAAT SE PUNTE |
|---|---|---|
| Vorm en kadenspunte | 6 (3 + 3) | |
| Musikaliteit: melodiese kontoer en klimaks | 8 | |
| Dinamiek en artikulasie | 2 | |
| Korrekte notasie: aantal mate, notesteeltjies, polse per maat, toevallige tekens, spasiëring | 4 | |
| **TOTAAL** | 20 ÷ 2 = **10** | |

**[10]**

**OF**

Instrument: Tjello




Die melodie sal volgens die volgende riglyne nagesien word:


| BESKRYWING | PUNTETOEKENNING | KANDIDAAT SE PUNTE |
|---|---|---|
| Vorm en kadenspunte | 6 (3 + 3) | |
| Musikaliteit: melodiese kontoer en klimaks | 8 | |
| Dinamiek en artikulasie | 2 | |
| Korrekte notasie: aantal mate, notesteeltjies, polse per maat, toevallige tekens, spasiëring | 4 | |
| **TOTAAL** | 20 ÷ 2 = **10** | |

**[10]**

**VRAAG 5**

Beantwoord ÓF VRAAG 5.1 ÓF VRAAG 5.2.

5.1 Voltooi die volgende vierstemmige harmonisering deur geskikte akkoorde in die gegewe styl by te voeg:




| | |
|---|---|
| Punte sal soos volg toegeken word: | |
| Korrektheid | = 6 punte (–½ punt vir elke fout) |
| Akkoordkeuse/musikaliteit | = 6 punte |

**[12]**

**OF**

5.2 Bestudeer die werk hieronder en volg die instruksies.






5.2.1 Voltooi die klavierpartituur in die gegewe styl (12-maat-blues). (9)

5.2.2 Benoem die akkoordsimbole vir die akkoorde in maat 13 by (a), (b) en (c).

(a) ___________________________________

(b) ___________________________________

(c) ___________________________________ (3)
**[12]**

**TOTAAL AFDELING A: 60**

## AFDELING B: ALGEMENE MUSIEKKENNIS

Beantwoord AFDELING B in die ANTWOORDEBOEK wat voorsien is.

### VRAAG 6

Kies 'n musikale werk uit KOLOM B om by enige SES woorde/beskrywings in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A–L) langs die vraagnommer (6.1–6.12) in die ANTWOORDEBOEK neer, byvoorbeeld 6.13 M.

| KOLOM A (BESKRYWING) | | KOLOM B (MUSIKALE WERK) | |
|---|---|---|---|
| 6.1 | Op 'n Bach-kantate gebaseer | A | *Pampoen* |
| 6.2 | Big band | B | *The Phantom of the Opera* |
| 6.3 | Regterhandsinkopasies | C | *Nothing Else Matters* |
| 6.4 | Heeltoontoonleer | D | *Heal The World* |
| 6.5 | Christine en Raoul | E | *The Rise and Fall of Ziggy Stardust and the Spiders from Mars* |
| 6.6 | Teater-'rock' | F | *Hey Jude* |
| 6.7 | Musiekloopbaan vanaf 7-jarige ouderdom | G | *St. Louis Blues* |
| 6.8 | Primitiwiteit | H | *Voiles* |
| 6.9 | Beatles | I | *Simfonie Nr. 4 in E Mineur, Op. 98* |
| 6.10 | Kitaargedrewe Heavy Metal | J | *Satin Doll* |
| 6.11 | Suid-Afrikaanse musiek | K | *Maple Leaf Rag* |
| 6.12 | Belangrike Jazz-standaard | L | *The Rite of Spring* |

(6 x 1) **[6]**

### VRAAG 7

7.1 Gee 'n definisie vir DRIE van die volgende terme. Skryf slegs die definisie langs die vraagnommer (7.1.1–7.1.6) in die ANTWOORDEBOEK neer.

7.1.1 Blues-toonleer

7.1.2 Klassieke sonate

7.1.3 Kwaito

7.1.4 Aërofoon

7.1.5 Poliritme

7.1.6 Swing (6)

7.2 Kies DRIE van die volgende definisies. Gee EEN musiekterm vir elke gekose definisie. Skryf slegs die definisie langs die vraagnommer (7.2.1–7.2.5) in die ANTWOORDEBOEK neer.

7.2.1 'n Toonleer wat uit vyf verskillende tone van die majeurtoonleer bestaan en wat geen halftone bevat nie

7.2.2 'n Grootskaalse gewyde werk vir koor, orkes en soliste

7.2.3 'n Musikale leesteken wat die einde van 'n musikale sin of frase wat deur vaste akkoordprogressies gekenmerk word, aandui

7.2.4 'n Vorm wat uit drie seksies bestaan, waar die eerste seksie nie noodwendig moduleer nie, die tweede seksie met die eerste kontrasteer en die derde seksie soortgelyk aan die eerste is

7.2.5 'n Musikale tekstuur waar daar 'n duidelike kontras tussen die melodie en die akkoordbegeleiding is (3)
**[9]**

**VRAAG 8**

Skryf 'n paragraaf oor Brahms se *Simfonie Nr. 4 in E Mineur, Op. 98*, met spesifieke verwysing na die vierde beweging. Sluit die volgende in:

- Barok- en Klassieke invloed
- Vorm **[7]**

**VRAAG 9**

Skryf 'n opstel oor EEN van die volgende:

9.1 Impressionisme

9.2 Neoklassisisme

9.3 Musiekteater

Verwys in jou opstel na:

- Kenmerke van die styl (10)
- Verteenwoordigende komponiste en werke (2)
**[12]**

**VRAAG 10**

10.1 Verduidelik hoe die Nasionale Volkslied van die Republiek van Suid-Afrika die multikulturele aard van die Suid-Afrikaanse gemeenskap weerspieël. (3)

10.2 Noem DRIE kenmerke van die standaard-12-maat-blues-styl. (3)

10.3 Waarvoor staan die afkorting SAMRO? Wat is die doel en funksie van hierdie organisasie? (4)
**[10]**

**VRAAG 11**

Verduidelik hoe enige VIER van die volgende musikale konsepte in jazz behandel word:

11.1 Melodie

11.2 Vorm

11.3 Harmonie

11.4 Ritme

11.5 Toonkleur **[8]**

**VRAAG 12**

Jy het een van die volgende Suid-Afrikaanse komponiste bestudeer:

- Mzilikazi Khumalo
- Niel van der Watt
- SJ Khoza

Skryf 'n paragraaf oor die Suid-Afrikaanse komponis wat jy bestudeer het. Sluit biografiese besonderhede en stylkenmerke in. Noem ten minste TWEE verteenwoordigende werke wat die komponis geskryf het. **[8]**

Kopiereg voorbehou 

**VRAAG 13**

13.1 Vraag en antwoord is 'n belangrike musiekmiddel in Afrika-koormusiek.

Gee die definisie van die sing van *vraag en antwoord* in jou eie woorde. (3)

13.2 Hoe word vraag en antwoord in enige EEN van die volgende werke toegepas?

- *Plea from Africa* deur JK Bokwe
- *Monna e Motenya* verwerk deur Bonisile Gcisa
- *Gabi, Gabi* verwerk deur William C Powell (2)

**[5]**

**TOTAAL AFDELING B: 65**
**GROOTTOTAAL: 125**

Kopiereg voorbehou

Please keep this page blank, so that the last page with manuscript paper will be detachable.

Kopiereg voorbehou